ATKV Woordveertjies
2025



# Prys vir Liefdesroman

## REGLEMENT

### 1. Doelstelling

Die Prys vir Liefdesroman word toegeken aan die beste gewilde liefdesroman wat gedurende die voorafgaande kalenderjaar verskyn het.

### 2. Omskrywing van prys

Die prys is slegs vir romantiese fiksie bedoel. Die liefdesroman het 'n verwikkelde intrige en beweeg nader aan lewenswerklikhede as die romanse. Hoewel die twee hoofkarakters, die held en heldin, se verhouding sentraal staan, is dit nie die enigste storielyn nie.

### 3. Kriteria vir die beoordeling van die liefdesroman

- Dit moet 'n karakter- en emosioneelgedrewe storie wees waarmee die leser kan identifiseer;
- Die teks moet goed geskryf wees en die klem moet op die romantiek van 'n nuwe verhouding wees;
- Hoewel die agtergrondnavorsing akkuraat moet wees, mag dit nie die storielyn oorheers nie;
- Die werk moet lesergerig wees.

### 4. Pryse

Die wenner ontvang R20 000 en 'n ATKV-Woordveertjie.

### 5. Hoe om in te skryf

- 'n Uitgewer (sluit ook 'n individu in wat 'n boek gepubliseer het) mag 'n maksimum van vyf boeke in hierdie genre inskryf.
- Vul die inskrywingsvorm volledig in. Vyf eksemplare van elke boek moet per inskrywing ingestuur word. Elke eksemplaar van die boek moet ook 'n kopie van die inskrywingsvorm vervat.
- Verpak en versend die boeke en inskrywingsvorms in een koevert of houer per inskrywing. Gebruik 'n afsonderlike koevert of houer vir elke afsonderlike inskrywing.
- Indien die inskrywing nie volledig is nie, sal dit gediskwalifiseer word.
- Inskrywings moet gegrond wees op werk wat tussen 1 Januarie 2024 en 31 Desember 2024 gepubliseer is.
- Geen versamelde werke, vertaalde werke of herdrukke kom in aanmerking nie.

**Sluitingsdatum: Maandag 2 Junie 2025**

### 6. Inskrywings

**Rig u inskrywing aan:**
Jeanné Naudé
Organiseerder: ATKV-Prys vir Liefdesroman
**Straatadres:** Surreylaan 348, Ferndale, Randburg 2194
**Tel.:** (011) 919 9088
**E-posadres:** jeannen@atkv.org.za

- Besonderhede oor hierdie prys en die inskrywingsvorm verskyn op die webwerf by www.atkv.org.za.
- NB: Wanneer u 'n inskrywing per koerier stuur, skakel asseblief met die organiseerder sodat die ATKV bewus is van die inskrywing.
- Finaliste sal in kennis gestel word sodra die beoordeling afgehandel is.

### 7. Reëls van die kompetisie

- Daar is geen inskrywingsgeld nie.
- Inskrywings moet gegrond wees op werk wat tussen 1 Januarie 2024 en 31 Desember 2024 gepubliseer is. Geen versamelde werke, vertaalde werke of herdrukke kom in aanmerking nie.
- Vorige wenners mag weer inskryf.
- Kundiges tree as beoordelaars op.
- Die paneel word deur die ATKV saamgestel.
- Elke inskrywing word in sy geheel beoordeel en nie net dele daarvan nie.
- Die ATKV behou die reg voor om in samewerking met die beoordelaarspaneel 'n finale beslissing te maak wanneer daar vanweë die reëls of praktyk van die kompetisie onsekerheid of 'n uitsondering ontstaan.
- Die beoordelingsproses word streng deur die ATKV gekontroleer.
- Die beslissing van die beoordelaars is finaal. Geen korrespondensie sal tydens of na afloop van die kompetisie oor die uitslag gevoer word nie.
- Die ATKV kan pryse weerhou na gelang van die gehalte van die inskrywings en op aanbeveling van die beoordelaars.
- Slegs een wenner word aangewys.
- Die ATKV behou die reg voor om beeld- sowel as oudiomateriaal van die weninskrywings tydens die ATKV-Woordveertjies te gebruik.
- Geen materiaal sal teruggestuur word nie.
- Deelnemers onderneem om hulle neer te lê by alle kompetisiereëls, wat ook mediaskakeling insluit.
- Oortreding van die reëls van hierdie kompetisie of onvolledige inskrywings kan lei tot die diskwalifikasie van die inskrywings.
- Die ATKV behou die reg voor om die kompetisie enige tyd op te skort of te beëindig indien omstandighede dit noodsaak.

**Navrae: Jeanné Naudé**
**Tel.: (011) 919 9088**
**E-pos: jeannen@atkv.org.za**

ATKV

ATKV Woordveertjies 2025



# Prys vir Liefdesroman

## Inskrywingsvorm

| | | |
|---|---|---|
| Titel van boek: | | |
| **BESONDERHEDE VAN UITGEWER** | | |
| Naam van uitgewer: | | |
| Kontakpersoon: | | |
| Kontaknommers: | W: | Sel: |
| | | Faks: |
| E-posadres: | | |
| Posadres: | | |
| | | |
| | | Kode: |

Hiermee aanvaar ons die reëls en regulasies.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Handtekening: | | Datum: | J J J J M M D D |

| | | |
|---|---|---|
| **SKRYWER** | | |
| Naam en van: | | |
| Kontaknommers: | W: | Sel: |
| | | Faks: |
| E-posadres: | | |
| Posadres: | | |
| | | |
| | | Kode: |

Ek, ______________________________,die genomineerde, het al die reëls gelees en aanvaar die voorwaardes.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Handtekening: | | Datum: | J J J J M M D D |

**NB: Inskrywings moet uit werk bestaan wat tussen 1 Januarie 2024 en 31 Desember 2024 verskyn het. Vyf eksemplare van die genomineerde boek moet saam met die inskrywingsvorm ingestuur word.**

ATKV